Die Kruis se invloed in jou lewe

Dr. Jean Strydom

NG Nelspruit-Suid

April 2020

Inhoudsopgawe

1. Die Kruis en Vergifnis van jou ou lewe p. 2
2. Die Kruis en jou Nuwe Lewe p. 5
3. Die mag van die Kruis p. 7
4. Die Kruis en jou Lewenswedloop p. 9
5. Die Kruis en die Wederkoms p. 12

Die Kruis en Vergifnis van jou ou lewe

Vergifnis is ‘n universele begrip. Elkeen het al dit ervaar of moes dit al uitdeel. Dit is waar wat die skrywer CS Lewis skryf: ”Om ‘n Christen te wees beteken dat jy bereid is om onverskoonbare dinge in ander te vergeef, omdat Christus die onvergeeflike in jou vergewe het.” Die prys wat Christus betaal het vir jou om vry te kom uit die mag van die duisternis was baie duur. Sy vergifnis aan jou en vir jou het Sy lewe gekos. Daarom kan ek en jy nie sito-sito met vergifnis werk nie. God se vergifnis was gegrond in Sy liefde vir jou. Dit was Sy motivering om Jesus te stuur. Jesus se vergifnis was gegrond vanuit ‘n totale gehoorsaamheid aan God en ook Sy liefde vir die wêreld.

Tydens hierdie studie gaan ons konsentreer op die rol van die kruis in die proses van vergifnis. Dit is by die Kruis wat ons leer wat ware vergifnis en vryspraak is. Die kruis het daarom ‘n “dubbele vergifnis”, God wat deur Christus jou vergewe en jy wat so daardeur aangeraak is dat jy ook uitgaan en ander vergewe.

Ons vertel...

Vertel vir die ander oor die effek van vergifnis op jou lewe

Gesels saam

1. Gesels met mekaar oor die begrip “vergifnis”. Hoe verstaan jy dit?
2. Gesels oor die prys wat God en Jesus betaal het vir jou vergifnis?
3. Wanneer dink jy ervaar ‘n mens die impak van vergifnis die meeste?

Vir jou as Christen moet vergifnis ‘n dieper betekenis hê as die res van die wêreld. Jou konsep van vergifnis moet gegrond wees in die vergifnis wat jy van Jesus se kruisdood af ontvang het. Jou vryspraak deur Sy kruisdood moet jou vergifnis van jouself en ander “inkleur”. Kom ons kyk na ‘n paar teksgedeeltes wat jou ‘n beter perspektief gee op die vergifnis wat by die kruis plaasgevind het.

4. Lees Rom. 3:23-26
    a. Wat leer jy uit die gedeelte oor vergifnis wat onverdiend na jou toe gekom het?
5. Lees Titus 2:14 en gesels daaroor
    a. Fokus op die volgende begrippe en laat dit jou gedagtegang bepaal: Offer, vry van alle ongeregtigheid, reinig, Sy eie volk kan wees, ywerig om die goeie te doen
6. Lees Titus 3:3-5 en gesels daaroor
    a. Let op na die volgende: Hoe jy vroeër was, die goedheid (JC) wat verskyn het, jou verlossing en vryspraak deur Sy goedheid, Sy ontferming oor jou, wedergeboorte wat plaasvind, die Heilige Gees wat lewe wek.
7. Watter waarde het Rom. 5:8 vir jou? Verander dit jou perspektief op die vergifnis wat jy ontvang het?
8. Lees Heb. 2:14-18 en gesels oor wat vir jou uitstaan in die gedeelte.
9. Lees 1 Pet 3:18-19 en gesels hieroor.
10. Waarvan het Christus jou vry gemaak?

Gaan wees ‘n Ligdraer van God

Wat het jy uit hierdie studie geleer en hoe gaan jy die beginsels hiervan uitleef ten einde ‘n verskil te maak?

Bid vir mekaar en vir ander sake

Hoor waarvoor julle nou en gedurende die week kan bid.

Notas:

Die Kruis en jou Nuwe Lewe

Nuwe lewe klink so mooi op die oor. Nuwe lewe spreek van soveel potensiaal. Nuwe lewe sê ook vir ons iets van oor begin. Nuwe lewe is wat jy ontvang nadat jy jouself oorgegee het aan Jesus Christus en Hom aanvaar het as jou persoonlike Verlosser. Binne jou gebeur daar ‘n proses van wedergeboorte en al hierdie dinge wat aanleiding gee tot jou nuwe lewe en die leef daarvan, word alles moontlik gemaak deur die kruisdood van Jesus Christus jou Verlosser. As dit nie vir die kruisdood was nie, was daar geen reiniging van sondes wat op grond van genade plaasgevind het nie. Hierdie enkele daad van die grootste liefde vir die mensdom het vir jou ‘n nuwe lewe ontsluit. Dis jou verantwoordelikheid om te weet wat die impak van die kruis op jou nuwe lewe is, die koste daarvan en dan ook om voluit te leef as nuwe mens. Jy leef as nuwe mens in die skadu van die kruis.

Ons vertel...

Vertel vir mekaar hoe verlede week se studie jou lewe gedurende die afgelope week beïnvloed het.

Gesels saam

1. Wat verstaan jy onder die begrip “nuwe lewe”?
2. Hoe sien ons of iemand ‘n nuwe lewe lei?
3. Wat maak dit vir ons moeilik om ‘n nuwe lewe te lei?
4. Wat maak dit vir jou makliker om ‘n nuwe lewe te lei?

5. Wat dink jy moet die effek van ‘n nuwe lewe wees op die mense naby jou en die samelewing?

Kom ons kyk saam na ‘n paar teksgedeeltes wat vir jou ‘n beter perspektief kan gee op die “nuwe lewe”. My gebed is dat dit jou oë opnuut sal oopmaak vir dit wat jy ontvang het en dat jy die nuwe lewe voluit sal leef.

6. Lees Rom. 6:8-14
    a. Wat leer jy uit die gedeelte oor jou nuwe lewe in Christus?
7. Lees Ef. 2:1-10
    a. Watter insig het daar vir jou na vore gekom vanuit die gedeelte?
8. Lees Gal. 2:20 en Kol. 3:3
    a. Watter insig bied hierdie gedeelte vir jou in terme van jou nuwe lewe?
9. Lees 2 Kor. 5:17-19 en gesels oor die gedeelte in terme van nuwe lewe en jy wat ook reeds die nuwe lewe het ook ‘n instrument kan wees om die nuwe lewe aan iemand anders bekend te stel.
10. Lees Gal. 5:13-18
    a. Hoekom sou jy sê is hierdie gedeelte so belangrik vir jou uitleef van jou nuwe lewe?
    b. Wat is na jou mening die kern van hierdie gedeelte in terme van jou nuwe lewe?

Gaan wees ‘n Ligdraer van God

Wat het jy uit hierdie studie geleer en hoe gaan jy die beginsels hiervan uitleef ten einde ‘n verskil te maak?

Bid vir mekaar en vir ander sake

Hoor waarvoor julle nou en gedurende die week kan bid.

Die mag van die Kruis

Mag is iets wat ons gereeld sien. Soms aanskou ons dit in ‘n positiewe lig en ander kere weer waar dit misbruik word. As ons aan *mag* dink dan weet ons dat in die spirituele wêreld daar ook ‘n magspel is. Satan probeer ons beïnvloed deur voor te gee dat hy steeds die mag het. Intussen lees ons in die Woord dat Christus deur Sy kruisdood en opstanding die magte van die duisternis oorwin het. Dit is vir ons as gelowiges belangrik om dit te besef asook om vanuit die oorwinning te leef omdat ons verbonde is aan Christus.

Tydens die studie gaan ons spesifiek kyk wat die invloed van die kruisiging van Jesus op die spirituele wêreld was en die invloed daarvan in ons daaglikse lewens.

Ons vertel...

Vertel vir mekaar hoe verlede week se studie jou lewe gedurende die afgelope week beïnvloed het.

Gesels saam

1. Watter voorbeelde van magsmisbruik het jy al gesien in die lewe?
2. Hoekom is dit belangrik om die mag tot ‘n mens se beskikking korrek aan te wend?
3. Gesels in breë trekke oor God en Sy mag

Kom ons lees uit die Woord watter magspel was by die kruisiging van Jesus betrokke en die invloed daarvan op ons lewens vandag

4. Gesels vinnig oor die verskillende rolspelers by die kruisiging van Jesus en die mag wat hulle ten toon gestel het.
5. Lees Kol. 2:6-15
    a. Watter hoop is daar is vers 15?
    b. Watter verskil maak vers 15 in jou daaglikse lewe?
    c. Wat is die verband tussen verse 9 en 15?
    d. Is daar nog iets wat vir jou uitstaan in die gedeelte?
6. Lees 1 Pet. 3:19, 22
    a. Gesels oor hierdie gedeelte en sien veral Christus se oorwinning raak
    b. Watter invloed het hierdie oorwinning in jou lewe?
7. Verander jou verstaan van 1 Joh. 5:18 en 1 Pet. 5:8 nadat jy besef het wat aan die kruishout gebeur het?
8. Lees Rom. 8:31-38
    a. Wat is die impak van hierdie gedeelte op jou as nuwe mens in die lig daarvan dat Jesus as Oorwinnaar na die kruisiging opgestaan het?
9. Met die insigte vanuit hierdie studie...gaan dit enigsins ‘n verskil in jou lewe maak en ook die goed waarmee jy worstel en die aanvalle van die bose?

Gaan wees ‘n Ligdraer van God

Wat het jy uit hierdie studie geleer en hoe gaan jy die beginsels hiervan uitleef ten einde ‘n verskil te maak?

Bid vir mekaar en vir ander sake

Hoor waarvoor julle nou en gedurende die week kan bid.

Die Kruis en jou Lewenswedloop

Dit is een van die dae weer Olimpiese Spele, die keer in Japan. Dit is sekerlik vir enige atleet die hoogtepunt van hulle loopbaan. Tog verg dit jare lange toewyding om op daardie vlak deel te neem en die hoogste sport te bereik. Ons is elkeen besig met ons eie lewenswedloop. Die roete van jou wedloop is deur God uitgelê en dit lyk nie dieselfde as die hardloper langs jou s'n nie. Niemand anders kan jou wedloop hardloop nie, en jy kan ook nie iemand anders s'n hardloop nie. Ongelukkig probeer ons soms om iemand anders se wedloop te hardloop, maar ons kom gou agter dat dit nie so 'n goeie idee is nie. En, as ons slim is, kom ons dadelik weer in ons eie baan en hardloop die wedloop wat God vir ons bepaal het.

Die kruis van Jesus moet jou lewenswedloop dramaties beïnvloed. Dit moet jou manier van hardloop asook jou eindbestemming beïnvloed.

Tydens die studie gaan ons stilstaan by die kruis se invloed in jou lewenswedloop as gelowige. Mag jy opnuut die waarde van die kruis ontdek in jou lewenswedloop.

Ons vertel...

Vertel vir mekaar hoe verlede week se studie jou lewe gedurende die afgelope week beïnvloed het.

Gesels saam

1. Vertel vir mekaar hoe jou lewenswedloop lyk?
2. Wat is uitdagings tydens jou lewenswedloop?

3. Lees Ps. 139 en reflekteer oor hierdie Psalm in terme van jou lewenswedloop
4. Lees 2 Pet. 1:3-9
    a. Hoe help hierdie gedeelte jou in jou lewenswedloop?
    b. Is daar iets in hierdie gedeelte wat vir jou tot nuwe insigte gebring het in terme van jou lewenswedloop?
5. Lees 1 Pet. 1:14-15; 2:16
    a. Hoekom dink jy is hierdie gedeeltes belangrik vir jou lewenswedloop?
6. Lees Heb. 12:1-3
    a. Wat kan jy waarneem vanuit die gedeelte oor jou lewenswedloop?
    b. Gebruik die volgende begrippe om meer te gesels oor jou lewenswedloop
        i. Jesus as jou pasaangeër
        ii. Ontslae raak van hindernisse
        iii. Hou by die reëls
        iv. Jou eie wedloop
7. Lees Fil. 3:12-16
    a. In hierdie gedeelte wat ons nou pas gelees het, sal ons sien dat Paulus vir sy lesers sê dat hy homself inspan om sy lewensdoel te bereik en hy doen ’n beroep op sy lesers om dieselfde te doen. Hy rig hierdie oproep onder die volgende opskrifte. Gesels met mekaar daaroor.
        i. Sy doelwit (v.12);
        ii. Sy strategie (v.13);
        iii. Sy oorwinnaarsprys (v.14);
        iv. Sy voorbeeld (v.15), en
        v. Sy oproep (v.16).

8. Lees Gal 6:14
    a. Hoekom dink jy sal hierdie sal ‘n goeie leuse wees vir jou lewenswedloop?

Gaan wees ‘n Ligdraer van God

Wat het jy uit hierdie studie geleer en hoe gaan jy die beginsels hiervan uitleef ten einde ‘n verskil te maak?

Bid vir mekaar en vir ander sake

Hoor waarvoor julle nou en gedurende die week kan bid.

Notas:

Die Kruis en die Wederkoms

Statisties sterf daar 56 en ’n halfmiljoen mense per jaar wat uitwerk op 155000 per dag, 6500 per uur, 108 mense per minuut en omtrent 2 mense per sekonde. Vir elke keer wat jy inasem en uitasem sterf daar 7 mense. Daar is selfs ’n humoristiese stelling wat sê dat die enigste dinge waarvan jy seker kan wees is – dood en belasting. Jy gaan doodgaan, en jy gaan belasting betaal. In hierdie ongelooflike meedoënlose wêreld van dood – wat sou die Bybel oor die lewe na die dood sê? Dis belangrik om in gedagte te hou dat die kruis van Jesus ‘n invloed het op jou lewe na die dood. Dit bepaal jou bestemming. Die kruis het natuurlik ook ‘n impak op jou beskouing van die wederkoms en dat dit nie veronderstel om ‘n dag van vrees te wees vir kinders van die Here nie.

Ons vertel...

Vertel vir mekaar hoe verlede week se studie jou lewe gedurende die afgelope week beïnvloed het.

Gesels saam

1. Vertel vir mekaar wat jou persepsie van die wederkoms is?
2. Wat maak jou bang en opgewonde oor die wederkoms?
3. Hoekom dink jy dink mense nie baie aan die wederkoms nie?
4. Lees 1 Pet. 1:3-9
    a. Gesels met mekaar oor hierdie gedeelte. Hier is ‘n paar goed wat jou opgewonde moet maak, asook vir jou vrede gee oor die lewe na die dood.

b. Wees eerlik met mekaar...hoe laat hierdie gedeelte jou as kind van God voel oor die lewe hierna?

5. 2 Pet. 3:1-14 handel oor die wederkoms van die Here. Dis ‘n dag waarna gelowiges ook kan uitsien. As die kruis van Jesus nie jou lewe verander het nie, sal dit vir jou ‘n vreesaanjaende dag wees. Wat leer hierdie gedeelte jou as kind van God oor hierdie naderende dag?
6. Wat is volgens 1 Joh. 3:2-6 belangrik om te doen terwyl ons wag op die wederkoms?
7. Lees Matt. 24: 36-43
    a. Wat leer jy uit die gedeelte oor die wederkoms?
8. Wat sou jy samevattend sê is die rel van die kruis in ons wederkomsverwagting en vir die lewe hierna?
9. Ekstra studie: Jy kan 1 Kor. 15 gaan lees oor verskeie aspekte van die lewe na die dood en die wederkoms.

Gaan wees ‘n Ligdraer van God

Wat het jy uit hierdie studie geleer en hoe gaan jy die beginsels hiervan uitleef ten einde ‘n verskil te maak?

Bid vir mekaar en vir ander sake

Hoor waarvoor julle nou en gedurende die week kan bid.

Notas: